Nuusbrief 7 van 2024
9 April 2024

Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

Liewe Ouers

Baie welkom terug na die vakansie. Ek vertrou dat u 'n geseënde Paastyd beleef het. Baie sterkte vir hierdie besige kwartaal met al sy aktiwiteite - ons sien uit daarna om u langs die sportveld en by ons ander aktiwiteite te sien!

Kom ons vat hande en **WÉÉS DIE VERSKIL** in hierdie kwartaal!

Vriendelike groete
Brenda Hoffman

JEUGDIENS

Ons jeugdienste begin eerskomende Sondag, 14 April om 17:00 by die NG Gemeente se Oos-gebou.

Almal is baie welkom!

OPGEDATEERDE KALENDER

Let asseblief op die veranderings - veral in wedstryddatums. Sien die opgedateerde kalender vir April, Mei en Junie.

BELANGRIK: Datum vir die oueraand het van 11 April na 10 April geskuif!

VERSLAAF - WAT NOU?

Verslawing (van watter aard ookal) is 'n krisis wat ons hele gemeenskap beïnvloed. Kom luister gerus na 'n gesprek met Renier Gouws oor wat ons elkeen kan doen om die probleem in Hennenman aan te pak.

GRYP HIERDIE GELEENTHEID AAN EN KOM BEMAGTIG JOUSELF!

OUERAAND PER AFSPRAAK: WOENSDAG, 10 APRIL
(Let asseblief op datum wat verander het!)

U kind ontvang vandag sy/haar rapport. Dit is baie belangrik dat u hierdie rapport goed bestudeer en 'n **afspraak** met die personeel van die vak(ke) waaroor u bekommerd is, te maak.

OM 'N AFSPRAAK TE MAAK:
Skakel asseblief vir me. Lucille Wepener in die kantoor VOOR 12:00 Woensdag om 'n afspraak te maak.

Vakveranderings vir graad 10 en 11 sluit reeds Maandag, 15 April. Indien u onseker voel oor u kind se vakkeuse of voel dat hy/sy moontlik van vak moet verander, maak gerus 'n afspraak met daardie betrokke vakonderwyser. Die personeel staan altyd gereed om u met raad te bedien.

Gebruik asseblief hierdie geleentheid om by u kind se akademie betrokke te raak!